



24-7 GEBED VIR HERLEWING 19 - 25 September 2022

MAANDAG: 19 SEPTEMBER 2022

VERKONDIG DIE EVANGELIE

Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur... (Lukas 4:18-19, OV).

Kom ons bid

Bid dat die saad van God se Woord voorbereide harte sal bereik en vul. *Die deel wat in goeie grond val, dui op dié wat die woord met 'n goeie en opregte hart hoor en dit bewaar en deur volharding vrug dra. (Lukas 8:15).*

Bid dat God se koninkryk in die land gevestig sal word en dat baie mense die krag van God sal ervaar by plekke waar die evangelie verkondig word. *Die koninkryk van God is immers nie 'n saak van praatjies nie, maar van krag. (1 Korintiërs 4:20).*

Eenvoudige gebed: Jesus, U is die Uitverkore Een.

DINSDAG: 20 SEPTEMBER 2022

GENEES GEBROKE HARTE

Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur... (Lukas 4:18-19, OV).

Kom ons bid

Bid vir mense in die land wie se harte gebroke is as gevolg van mishandeling en trauma. Vra die Here om sy Naam oor hulle uit te stort (Hooglied 1:3).

Bring spanningsvolle verhoudinge en gebroke gesinne voor die Here. Bid dat hulle harte oop sal wees sodat Hy die herstel kan bring in hul lewens.

Bid dat die Here nuwe krag aan verdukte sal gee.

So sê Hy wat hoog en verhewe is, Hy wat ewig leef en wie se Naam die Heilige is: Ek woon in 'n hoë en heilige plek en Ek is by hom wat verdruk en nederig is. Ek gee nuwe krag aan die nederiges, Ek gee nuwe krag aan die verdruktes. (Jesaja 57:15).

Eenvoudige gebed: Jesus, U is naby aan elke verdrukte.

WOENSDAG: 21 SEPTEMBER 2022

VRYHEID AAN DIE GEVANGENE

Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees; **om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur...** (Lukas 4:18-19, OV).

Kom ons bid

Roep die Here aan om mense vry te maak van die verslawing aan dwelms en alkohol.

Bid vir mense wat gevange gehou word deur gedagtes van angs, depressie en selfmoord, om die Naam van die Here aan te roep... *Laat my elke môre u liefde ondervind, want in U stel ek my vertrou. Wys my die pad wat ek moet loop, want my hoop is op U gevestig. Red my van my vyande, Here, want by U skuil ek.* (Psalm 143:8-9).

Bid vir dogters en vroue wie in hul huise mishandel word en bang is om daarvoor te praat. Vra die Here om vir hulle 'n uitweg te gee. Bid dat hulle Sy liefde sal leer ken.

Eenvoudige gebed: Jesus, U laat die gevangenes vry.

DONDERDAG: 22 SEPTEMBER 2022

HERSTEL DIE SIG VAN DIE BLINDE

Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees; **om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur...** (Lukas 4:18-19, OV).

Kom ons bid

Vra die Here om die sig te herstel van diegene wat verblind is vir Sy Woorde van Waarheid deur hul eie ideologieë en oortuigings. Bid dat hulle Jesus as die Here van die heersers sal ontmoet, sal wegdraai van hulle bose weë en Sy dissipels word.

Spreek die naam van Jesus oor mense wie fisies blind is en verklaar dat Hy ons deur Sy wonde genees het (Jesaja 53:5).

Eenvoudige gebed: Gee my 'n oop hart vir U, Here.

VRYDAG: 23 SEPTEMBER 2022

VRYHEID AAN DIE ONDERDRUKTES

Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees; **om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur...** (Lukas 4:18-19, OV).

Kom ons bid

Bid vir mense wat geestelik onderdruk word deur bese magte. Vra Jesus om hulle te verlos, want met Sy woord gebied hy onrein geeste en hulle gaan uit (Lukas 4:36).

Bid vir regeringsleiers wat hul gesag misbruik om ander te onderdruk. Vra die Heilige Gees om hulle van hulle sonde te oortuig, dat hulle daarvan sal wegdraai en die mense in regverdigheid sal lei (Miga 6:8).

Eenvoudige gebed: Jesus, U is my Redder.

SATERDAG: 24 SEPTEMBER 2022

VERHEWE BO ALLES

Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. (Matteus 28:18).

Kom ons bid

Bid uit God se Woord dat alle mag en gesag aan Jesus behoort: *[God het] Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit: hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom. Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk (Efesiërs 1:20-22).*

Eenvoudige gebed: Jesus, wees verhewe bo alles in ons land.

SONDAG: 25 SEPTEMBER 2022

SEËN JOU LAND

Jabes het die God van Israel aangeroep met die woorde: "Stort u seën oor my uit, vergroot my grondgebied, neem my onder u beskerming en weerhou onheil van my sodat geen smart my tref nie." God het laat gebeur wat hy gevra het. (1 Kronieke 4:10).

Kom ons bid

Bid vir die mense in die land wat tans pyn ervaar weens verskeie omstandighede. Roep God aan om elke persoon te seën, dat Sy hand op hulle sal rus en dat hulle verlos word van pyn soos wat die teksverwysing hierbo lees. Vertrou die Here om genesing vir die land te bring. Glo dat Hy herlewing sal bring in die harte van die verdruktes. Dank Hom dat Hy die uitroep van die behoeftiges hoor.

Eenvoudige gebed: Here, wees ons genadig.
